

30 September

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:1-10

Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:7

Werp jou sorg op die Here

Iemand het gesê: "Bekommernis is sonde." In die Bergrede sê Jesus: "Moenie julle kwel oor julle lewe ... Kyk na die voëls van die hemel ... Let op die lelies van die veld ..." (Matt 6:25-34). Maar het die lesers van Petrus nie rede gehad om bekommerd te wees nie? Hulle was immers vreemdelinge in hulle eie omgewing en het gebuk gegaan onder vervolging en lyding. Hulle was vlugtlinge wat vanweë hulle geloof eensaam in die wêreld geword het.

Beangs in jou eie omgewing. Dis 'n gevoel wat ons ken. Dit raak ons hele lewe, want die misdaad, teenstand teen die geloof, onsekerheid oor werk en talle ander dinge, het ons in hierdie gat laat val. Gelowiges is bekommerd oor more. Is daar enige hoop?

In ons gesprekke praat ons mekaar nog dieper die gat in. Swartgalligheid het van ons besit geneem. Bekommerde stemme vertel die een na die ander gruverhaal. Dis nie meer net hoorsê nie. Die meeste praat van ondervinding. Jy het slagoffer geword. Jy wil vlug.

Wat nou? Petrus skryf aan die vreemdelinge in die wêreld. Hy praat met hulle as uitverkorenes van God wat besprinkel is met die bloed van Jesus Christus, gehoorsames deur die Heilige Gees. Dis die gelowige se adel in die wêreld, ondanks sy omstandighede.

En as jy dan voel dat alles net te veel geword het en jy wil vlug, dan sê Hy inderdaad – vlug! Vlug na God toe! Werp jou bekommernis op Hom (God), want Hy sorg vir julle. Dis 'n aanhaling uit Psalm 55 waar Dawid vertel dat die lewe vir hom net te moeilik geword het. Selfs sy eie mense het teen hom gedraai.

God het met sy kragtige hand sy volk Israel uit Egipte gered. Hy het Dawid omhels in sy nood. Hy het sy kerk in die verstrooiing bemoedig en Hy ken ook jou omstandighede. Dit raak Hom. Hy sorg vir ons. Dis totale sorg. Niks ontbreek nie. Sy sorg kan nêrens duideliker gesien word as in Jesus Christus nie. In Christus het Hy gesorg dat ons uit die donkerte kon oorkom na sy lig, uit die mag van Satan na sy sorg. Hy het geroep: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee" (Matt 11:28).

Is jy bekommerd oor ...? Werp jou sorg in gebed en smeking met danksegging op God (Fil 4:6). Hy sorg en sal sorg. Neem Hom op sy woord!

Sing: Psalm 55:10 (Totius)

Ds MJ Smidt (Ficksburg)